

Oorsprong van die Volksangbundel

Interessante Gegewens oor Liedere in die F.A.K.-Volksangbundel

deur

Dr. HUGO GUTSCHE

Ek onthou dit nog baie goed: dit was in November 1918; as gevolg van die grieppepidemie was die hoërskool op Christiana gesluit; ek is op Heidelberg aan die huis van my skoonseun Wilh. Schmidt (onderwyser aan die Hoër Volksskool), en daar ontmoet ons dr. A. G. Visser; allerhande liedere in verskillende tale word gesing en gespeel, en die armoede aan Afrikaanse volksliedere kom ter sprake. Dr. Visser word baie geesdriftig en spreek ons toe; uiteindelik maak ons 'n afspraak en hardop herhaal hy hierdie sinne:

„Dr. Visser beloof om gedigte te skryf vir enige musiek wat dr. Gutsche as bruikbaar vir Afrikaanse volksliedere beskou.”

So het dit gebly vanaf 1918 tot 1929. Intussen was ek pal op die uitkyk na liedere van verskillende aard wat in Suid-Afrika werklik sou inslaan. Elke jaar het ons mekaar aan ons afspraak herinner, want intussen het daar geen boek van hierdie aard verskyn nie.

Aan die begin van Junie 1929 kom dr. Visser by my aan huis; hy wou Duitse kindergediggies hê (sien sy *Prille Jeug*) en sê: „Ek hoor u tree aanstaande maand uit die diens; dan gaan ons dadelik aan die werk; geen verdere uitstel nie!” Vier dae daarna (10 Junie) was hy dood. Nou staan ek, ná elf jaar, alleen voor die probleem! Dr. Leipoldt wou eers in die bresse tree, maar hy het te veel hooi op sy vurk gehad. My seun wat op Wolmaransstad onderwyser was, stel toe voor dat ek met sy vriend Eitemal (J. du Preez Erlank) in verbinding moet tree. Eitemal het dadelik ingewillig, en so het dit gebeur dat hy en die volgende here my met die maak van die tekste gehelp het: F. J. Eybers van Bloemfontein; dr. G. Mes van Bronkhorstspuit (hy het gewoonlik tekste geskryf vir die komposisies van sy vriend J. F. Tierie, jnr.); ds. J. Baumbach, P. H. Langenhoven, D. F. Viljoen, al drie van Heidelberg, en Th. W. Jandrell, (tans Inspekteur van Onderwys). Soms het ek ook van skoliere bruikbare gediggies ontvang, bv. van Idalette Odendaal, Jacomima Joubert, Katharina Botha.

Maar hoe is daar nou te werk gegaan?

Eers het ek die gebiede vasgestel waarop daar 'n gebrek aan volksliedere bestaan het, bv. Lewenswel en Lewenswee; Lentegeur en Lentekleur; Vriendskap, Vaarwel en Weersien; Voortrekkers; Kleuterklankies; Wese en Waarheid e.d.m. Vind ek 'n wysie met een of meer motiewe wat op so 'n manier verwerk is dat dit m.i. gou deur die volk aangeneem en verstaan sal word, dan ontwerp ek self die eerste teksversie en stip moontlike hoofgedagtes vir ander versies aan. In sommige gevalle maak ek ook vir 'n alternatiewe onderwerp — minder of hopelik meer toepaslik — 'n voorlopige skets. Nou word die wysie vir die gekose digter gespeel, markant gefraseer en geïnterpreteer, en hy word daarop gewys hoe die kleur en geur van die musiek met die woorde (nie slegs van die eerste versie nie) van elke strofe en vers moet ooreenstem... Soms wil my vriend die musiek nog 'n paar keer hoor; soms gee hy ook 'n ander onderwerp aan die hand. Sodra hy die liedjie heeltemal sy eie gemaak het, sodat hy nie meer los daarvan kan kom nie, is die hoofdoel bereik, en kan hom alle bystand van Apollo en die Muses toegewens word. Die voltooide teks word heen en weer gestuur met aanbevelings vir veranderings hier of daar. Soms ontstaan daar met die eerste opset 'n kunswerk uit een stuk en van so 'n aard dat teks met musiek onvoorwaardelik en hartstogtelik deur die volk aanvaar sal word.

Miskien sal daar gesê word: Hierdie werkwyse is te skematies. Ek wil dit nie betry nie: as dit in sommige gevalle meer spontaan kon gebeur het, sou die werk soveel beter gewees het. Die alternatiewe was eenvoudig: ons sou nog baie jare lank moes gewag het op die liedjies wat ons so broodnodig gehad het. Vir die volksgevoel en volksbestaan sou so 'n gebrek fataal kon gewees het. 'n Gewoonte wat ek aangekweek het, het my in hierdie soort werk goed te pas gekom: by elke lied wou ek my graag in die gedagtegang van die komponis invoel. As ek geen ooreenkoms tussen woorde en musiek of geen vertolking kon aanvoel nie, dan het ek soos op 'n verlate vlakke gestaan. Dit kon ek nie verduur nie. Miskien was die komposisie van 'n volstrekte verskillende geaardheid as die woorde, sodat die probleem dus onoplosbaar was. Op hierdie gebied word daar natuurlik baie weersprekende beskouings daarop nagehou. Maar as ons by die eenvoudige volkslied kom, het ons darem met waarhede te doen wat vir enige mens wat hunker na natuurgegot, liefde, vreugde, vriendskap, troos, bemoediging e.d.m. verstaanbaar moet wees.

Hierdie werkwyse het uit 'n praktiese oogpunt bowendien nog sekere voordele gehad: die kring van my medewerkende digters het almal begrip van, en gevoel vir, musiek, frasering, motief en die nodige ooreenkoms tussen woorde en musiek gehad. By sommige van die grootste digters word die onontbeerlike vereistes wat die gesamentlike sang stel, heeltemal oor die hoof gesien, met die gevolg dat soms net een of twee verse uit 'n gedig gesing kan word.



Dr. Hugo Gutsche. (Dr. Gutsche is in 1869 te Kingwilliamstown gebore en het in Halle, Londen en Leipzig gestudeer. Hierna is hy twaalf jaar lank predikant en toe tien jaar lank onderwyser. In 1913 promoveer hy op 'n opvoedkundige proefskrif. Sedertdien het hy verskeie belangrike betrekkinge in die onderwyswêreld beklee.)

Ek het slegs 'n paar aspekte van die ontstaan van die Volksangbundel aangeraak. Daar is nog verskeie ander: miskien sal mnr. Stephen Eyssen ook 'n bydrae lewer oor sy verwerking van die Piekniek-liedjies, sy eie komposisies (No. 1c, 286 e.d.m.), en dié van Walter Spiethoff, S. le R. Marais, J. Bouws en ander komponiste wat hy persoonlik geken het en van wie gelukkig bydraes in die bundel opgeneem kon word.

Hier volg een en ander aangaande enkele liedere in die bundel:

No. 187: *Vriendskap*, gekomponeer deur C. Isenmann (1880). Lied om te sing aan die end van 'n partytjie wanneer vriende uitmekaar gaan.

In Mei 1934 was ek op reis in Europa. Ek was reeds in België, Duitsland, Oostenryk en Letland. Toe val dit my by: ek moet nog die musiek kry vir Eitemal se mooi woorde van „Alles wissel met die winde...” Ek het die wysie, maar nie die komponis se naam nie, uit my jong dae onthou (vyftig jaar gelede), en omdat ek dit nêrens kon vind nie, het ek dit maar op my eie manier neergeskryf. Toe ek net voor my vertrek uit Suid-Afrika die liedere wat klaar was, mooi bymekaar wou maak, stuur Eitemal my die troosvolle boodskap: „Musiek van *Vriendskap* verlore.” Hoewel dieselfde woorde op 'n ander wysie

deur F. E. Fesca (1822) gesing kon word (No. 1876), wou ek die gloedvolle wysie van Isenmann (hy was ook komponis van kerkmusiek en ouvertures) nie in die bundel mis nie.

Wat nou gedaan? Vriende sê aan my: „Jy is nou op die regte plek. Hier moet jy dit kry.” Ek lug my twyfel, want Königsberg is 'n stad met 'n bevolking van slegs 100,000 inwoners. „Maar hier is die grootste internasionale musiekwinkel op die vasteland van Europa.” Ja, dan moet ek myself eers oortuig. Met trots wys die begeleidende dame dat daar op die Musikalien-Handlung van Hans Harpf in die Franse straat ook in Engels staan: „Largest Music-warehouse on the Continent.” Sy lewer my by die personeel af met die opdrag aan hulle: „Hierdie heer kom uit Suid-Afrika. U mag hom nie laat gaan voordat u die gewenste musiek in sy hande geplaas het nie.” Maar toe vind ek eers uit hoe populêr die oorspronklike woorde reeds meer as 120 jaar gelede was! Een toonsetting na die ander (sowat agt) word uit verskeie groot kamers van die boonste en laagste rakke afgehaal. Nadat ek omtrent drie uur by Harpf deurgebring het, word uiteindelik triumfantelik C. Isenmann se wysie voor my op die tafel gelê!

Die slot van die storie is nog nie belewe nie. Eitemal en Gutsche het weens drukke werksaamhede nog nooit die geleentheid gekry om op 'n partytjie die terugvind van Isenmann se *Vriendskap* te beklank nie! Is dit nie 'n treurigheid op note nie?

No. 23: *Ek hou van jou, vaal ou Karooland*.

Nadat mnr. Theo Jandrell reeds 'n hele aantal tekste gelewer het vir onderwerpe wat ek saam met gepaste musiek aan die hand gegee het, kom hy op 'n besoek na Heidelberg met sy eie woorde, wat van geesdrif vir die Karoo se rante, storms, blomme, kraanvoëls, e.d.m. gloeie het. Daar was ook musiek daarvoor gekomponeer, maar dit wou nie, na Jandrell se mening, aanpas by die Karoomense se gevoelens vir hul eie wêreld nie. Sou ek nie musiek kon skep of vind wat aan die eise van die gevoel en woorde sou beantwoord nie? Aarselend het ek toegestem: „Gee my 'n paar dae tyd.” Ek het my eers heeltemal in die wêreld van die Karoomense ingeleef. Dit was nie te moeilik nie, want ek was twee jaar lank in die Karoo en mettertyd het ek ook 'n groot liefde vir die eers so vreemde sonlig, storms, plantewêreld e.d.m. leer voel. Die getal wysies het ons tot op twee verminder, en ná 'n paar veranderings in die versvoete, het ons die Karoomense self laat beslis. Dit het hulle gedoen. Die musiek van H. Krome praat baie duidelik hul taal.

No. 7: *En hoor jy die Magtige Dreuning* (Gutsche—Eitemal).

Hierdie wysie het ek aan Eitemal voorgespeel en hom gelyktydig die ontwerp van die eerste versie gegee wat met bogenoemde woorde begin het. Ek was self geesdriftig, want dit het maande lank in my gemoed gelê. Dit het ook Eitemal dadelik gepak, en ná 'n week of twee stuur hy die wonderlike woorde terug.

Daar is kritiek op die musiek uitbring, maar nie deur mense wat die geskiedenis van Suid-Afrika ken nie; hulle sal natuurlik ook nooit die diepe inhoud en betekenis van hierdie verse kan verstaan nie. Binne 'n kort tydjie is die lied vanaf die suide tot aan die Limpopo gesing. Jeugverenigings en Afrikaanse studente het verklaar: „Ons aanvaar dit as die Lied van Jong Suid-Afrika.” By enige funksie waaraan jongmense vandag deelneem, kom die magtige dreuning aangesweef, en hoor 'n mens die klop van ons ossewawiele.

Die Groep: *Liefdeslag en Liefdesleed*

Van die een-en-veertig liedere in hierdie groep het dertig deur my bemiddeling (wat wysie betref) of medewerking (wat teks betref) hul plek in die bundel gekry. Van die dertig behoort, sover ek deur middel van uitsendings in 1938 en 1939 en deur middel van kooroefeninge en wedstryde tot 1942 kon vasstel, die volgende nommers tot die gewildste liedere: nos. 51, 52, 57, 59, 60, 61, 63, 68, 71, 74, 75, 76, 80, 82, 84, 85, 86, 87, (Sweeds) en 88.

Waarom die „Nooientjie in die Wilgerboom” dit nie so goed tref as die „Nooientjie in die Moerbeiboom” nie, is vir my nie heeltemal duidelik nie. Is dit omdat 'n meisie makliker uit 'n moerbeiboom kan klim as

(Vervolg op bladsy 15.)

wat sy jaloesie kan oorwin? Of maak die water by die wilgerboom dit gevaarlik?

Dit lyk asof swaarmocdigde wysies nie kan wen teen 'n teks met oorbruisende lewenslus nie. Maar as 'n mens jou eers kan inleef in die effens vreemde stemming, is die volgende nommers ook baie mooi: Nos. 55, 58, 62, 8, 79.

Onder die nie genoemde elf uit die een-en-veertig is daar die hoog gewaardeerde komposisies van S. le R. Marais en ander wat hul plek ook reeds in die bundel van mej. Joan van Niekerk gehad het en nou ook in die Volksangbundel voortleef.

Die Groep: Vrolikheid en Olikheid.

Sestien uit die agt-en-twintig liedere is nuwes. Baie gewild het die volgende vyf van Eitemal geword: „Goud en Silwer het ek lief” (uit die jaar 1828); „Die Bangbroekvryer” (woorde oorspronklik); „Marietjie, Maraia, Maryne” (woorde oorspronklik); „Skoenmaker Stillewater” (woorde oorspronklik); „Wend ek vol Verlange” (sonder vra) en mej. E. Bosman se „'n Heildronk vir Afskeid.”

Die Krokodildans (no. 110) staan enig in sy soort. Waar Emanuel Geibel die idee vir hierdie eienaardige teks vandaan gekry het, kon ek nog nie vasstel nie. In elk geval, die wonderlike broer was oorspronklik 'n plesierige musikant en nie 'n Skotse professor wat maar min van bomme gehou het nie. John Stuart Blackie (professor in Grieks) het die liedjie in 1869

Oorsprong van die Volksangbundel

(Vervolg van bladsy 9.)

na Skotland, Engeland en Noord-Amerika oorgeplant. Hoewel daar in die noordelike lande nóg 'n Nylstroom nóg krokodille aangetref word, is die lied mettertyd deur tienduiseende studente gesing. Maar sy eintlike bloeytyd het eers in Suid-Afrika begin — baie begryplik ook, want hier het ons die Nylstroom en die krokodille. In Transvaal (Nylstroom) is die hele toedrag van sake met verbasende natuurgetrouheid opgevoer. Later is dit ook op ander plekke gedoen volgens die voorskrifte van die onderwyser (mnr. Muller) wat dit die eerste maal op Nylstroom opgevoer het.

By laasgenoemde groep van veelgesonge liedjies kan ons ook nog voeg: „Wees stil my hart” (P. H. Langenhoven — S. le R. Marais); „Bumelied”; „So liefies het sy uit haar ogies gekyk”; „Ons wens vir hierdie paartjie” en „'n Heildronk vir die jonge paar”.

No. 165: *Moeder hou dag en nag treurig by haar kindjie wag.*

Vroeër jare kon ons by die herinnering aan die swaar stryd op gedenkdae sing: „Die Gebed van Paul Kruger” (no. 17) en „Nog tril ons hart van dulde-kese smarte” (no. 20). Maar na my mening moes daar ook 'n lied wees wat veral gewy sou wees aan die kinders en al die ellende wat hulle moes verduur op

die vervolgingstogte en voor hul dood na weergalose smarte in die konsentrasiekampe. Dit was 'n nare onderwerp. Eindelik ná baie soek en speel en navoel het ek 'n wysie gevind wat m.i. die verlede waarom dit gaan, op sprekende en onvergeetlike wyse in die herinnering sou terugroep — die verlede waarvan familieleden deur al die jare so dikwels aangrypende verslae gegee en gehoor het.

Toe my vriend Eitemal die wysie hoor, was hy diep bewoë, en hoe eenvoudig en treffend het hy nie die gebeurtenisse in die tent afgebeeld nie! Die wysie het sy oorsprong in Estland — dus in die verre noorde.

Ek glo dat ons op gedenkdae, Dingaansfeeste en op kerkhowe nog 'n uitgebreider gebruik kan maak van toepaslike liedere soos:

- No. 21: Kom, Afrikaners sing nou luid!
 198: Maak die tentseil oop (Trekkeersvaarwel).
 1a: Ek ken 'n land van ossewa.
 1: Jou kinders wil jou grootheid roem.
 159: O, rusplaas van helde, breed golwende velde.
 182: In stille nag (Weeklag).
 181: Tuiskoms van die Banneling.
 164: My hande het hul self geplant; drie rosies op sy graf ('n tweespraak).
 249: Toe, woed, jul storme, loei met mag!
 242: 'n Nag van stilte ver daarbo.
 254: Wie onder die skerm van die Hoogste wandel.
 235: Hier is my hand, my Vader.